



Onmoontlike Mediasie?

Ons bied hiermee graag aan al ons lesers die agtergrond feite en stel dan sekere vrae rondom die teenwoordigheid van dr Labuschagne tydens die steedsHervormers vergadering van 12 Oktober 2013.

Direkte aanhalings van korrespondensie:

A. SMS ontvang 9 Oktober 2013 om 09:36

“Wil julle nie oorweeg om iemand (van julle keuse) van die Bemiddelingskomitee toe te laat om 12 Okt vir net ‘n paar minute met julle vergadering te praat nie? Daarna kan julle alleen besluit. Kontak my asb. Groete, Kobus Labuschagne.”

B. Telefoniese bevestiging aan dr Labuschagne deur dr Storm nadat die Geloofsbond se dagbestuur gepraat het en regsadvies ingewin is. Dr Labuschagne stem in om vrae te beantwoord.

C. e-pos Maandag 14 Oktober 2013

Vir aandag: Dr Johan Otto en dr Malan Storm

Hallo Johan en Malan

Ek wil net baie dankie aan julle sê vir die geleentheid wat ek Saterdag 12 Oktober gehad het om ‘n paar woorde namens die Bemiddelingskomitee te kon rig tot die vergadering van die steedsHervormers. In die verlede was dit nie moontlik nie, en baie sal verbaas staan dat dit nou wel gebeur het. Julle het ‘n groot aandeel hierin. Waardering daarvoor.

Die spanning en frustrasie wat bestaan tussen polariserende groepe binne die Hervormde Kerk, wat selfs afskeidings tot gevolg gehad het, is tog vir baie van ons ‘n hartseer saak.

Die versekering wat die Bemiddelingskomitee aan die steedsHervormers wil bevestig is dat die Bemiddelingskomitee verbind is tot leiding in en ondersteuning van die versoeningsproses – sonder vooroordeel, onpartydig, in billikheid en regverdigheid. Die versoeningsproses sou myns insiens sonder bemiddeling, midde die spanning en frustrasies wat bestaan, bykans onmoontlik wees. **Daarom die uitnodiging van**

die Bemiddelingskomitee tot ‘n proses van versoening wat Saterdag herbevestig is.

Daarmee is uitdruklik ‘n helpende hand uitgereik tot elkeen van die steedsHervormers wat die proses van versoening in beweging wil bring. Daar is mense wat omgee. Al mag dit soms voorkom asof ons mekaar nie kan vind nie, behoort ons nooit die hand wat ons wel kon vasgryp, weer te laat vaar nie. Die doel bly steeds om midde die verskeidenheid die eenheid van die Ned Herv Kerk te bevorder, op ‘n waardige, kerklike en ordelike wyse, in die liefde van ons Here, Jesus Christus.

Ons bede bly bo-alles dat ons Heer self ons almal in hierdie omstandighede mag vind, en dat alleen sy waarheid ons elkeen sal lei.

Groete

In diens van sy Woord

Kobus Labuschagne

Voorsitter Bemiddelingskomitee

D. e-pos Donderdag 17 Oktober 2013

Hallo Kobus

Ek het jou briefie ontvang en is dankbaar vir die gesindheid wat jou gebaar oordra. Dit was ons Christelike roeping om jou te ontvang en toe te laat om te praat. Ek is daarvan oortuig dat al die sprekers met groot selfbeheersing en waardigheid gepraat het en vrae gestel het, dit terwyl die hele situasie emosioneel gelade is. Ek het egter met verbasing kennis geneem van die inhoud van jou skrywe. Was Saterdag net ‘n gebaar, ‘n metaforiese handeling, of was jy werklik hier? Al wat ek terugvind in jou skrywe is die verwysing na die aanbod wat jy oorgedra het. Wat van die res van die gesprek?

1. Ons het jou duidelik onder die indruk (probeer) laat kom dat ons mediasie voorstaan. Jy het aangedui dat jy weet dat ons mediasie aanvra maar gestel dat jy nie geweet het die Kommissie staan die aansoek teen nie. Wat gaan jy met die nuutgevonde kennis doen? Gee ons assblief ‘n aanduiding. Ons wil tog versoek

dat jy die nuutverkose Kommissie aanmoedig om toe te stem tot mediasie.

2. Vele van die sprekers het verwys na vergrype, viktimisasie en onkerkordelike optredes deur veral die Kommissie. Jy het telkens die versoek gerig dat hulle dit op skrif moet stel en aan moet stuur. **Wat gaan jy met die inligting en klagtes doen?** Sou dit nie gerade gewees het om ook na daardie gedeelte van die gesprek te verwys nie, ons te herinner aan die versoek nie? Was dit maar net 'n manier om ons te paai?
3. **Ons was bereid om jou te ontvang en genoeg spreekgeleenthede te gee. Kan dit nie voorgehou word as 'n eerste stap tot gesprek op die pad na vrede nie?**
4. Jou brief verwys net na die versoening tussen sH lidmate en die NHKA maar verwys gladnie na die lidmate van Geloofsbond gemeentes nie. Daar is diegene wat net in vrede gelos wil word en nie nou belangstel om weer deel te word van die NHKA nie. Eenheid in geloof is tog hoër as strukturele eenheid. Wat van versoenende gesprekke met dié gelowiges? Onthou, die vergadering het eenparig besluit dat 'n predikant van die Geloofsbond voorsitter van sH bly. Ons gedeelde belange moet gerespekteer word.
5. Daar is diegene wat beweer dat jy net gekom het om te kan stel dat jy probeer het. Ek hoop van harte dat dit nie waar is nie. Ek kies om te glo dat jy werklik vrede nastreef. Spreek asseblief my onrustighede aan.

Groete

Johan Otto

E. e-pos Vrydag 25 Oktober 2013

Hallo Johan

Vanuit my agtergrond in die Bemiddelingskomitee het ek op eie-inisiatief na julle uitgereik op 12 Oktober. Ek het gepoog om met julle te praat oor versoening – oor eenheid en verskeidenheid, en oor hoe verskeidenheid tog die eenheid kan dien, binne die grense van die belydenis. Maar julle het in die daaropvolgende reaksie die konteks verloor en gekom met aannames wat geheel

buite my bedoeling gelê het. Daarmee het, vir my, die sin verlore gegaan om verder te praat.

Groete

Kobus

Ope brief in Die Skietlood

Beste Kobus

Die vryswewende aard van die waarheid bly vir my 'n verstommend aspek van ons huidige dilemma. Eers vra jy of 'n persoon van die Bemiddelingskomitee (van ons keuse) kan kom praat, dan skielik beweer jy dat dit uit eie inisiatief was en van daar die einde van die gesprek. Kom ons skakel oor na stadiger 'n rat en bekyk die hele proses.

Dit was nie Die Geloofsbond og steedsHervormers wat jou genader het nie, jy het ons genader oor 'n gespreks-geleentheid. Dit het ernstige gesprek gekos om jou wel die geleentheid te gee. Jy het self die wrewel ervaar, 'n wantroue teenoor die NHKA en sy ampsdraers. Kom ons wees eerlik, ons het kosbare gesprekstyl afgestaan om jou saak aan te hoor, 'n saak wat nie eens op die sakelys was nie ('n saak waarvoor 15 minute gegun is en wat 53 minute in beslag geneem het). Wat was jou saak? Kom ons luister (bandopname op aanvraag beskikbaar) na jou stem:

- “Die Bemiddelingskomitee wil graag ruimte skep vir julle (sH) binne die NHKA. **Ons wil beding vir julle. Die breër opdrag van die Bemiddelingskomitee is om met almal in gesprek te tree.**
- Ons is deur meer vrysinnige mense aangeval omdat ons met sH-lidmate gesprek gevoer het. **Die Kommissie het nie die monopolie op gespreksvoering nie. Niemand gaan vir ons voorsê dat ek nie hier (in die vergadering) mag wees nie.**
- Ons moet liefers nie spekulêr oor die regskoste nie, dit kan selfs meer as R20 000 000 kos. Ek is ten gunste van mediasie. Kom ons praat en los probleme op. Help ons om ruimte vir sH binne die NHKA te skep.
- Daar was nog altyd strominge in die kerk. Tog moet ons eerlik wees en stel dat die standpunt wat ons handhaaf, deur die eeue gehandhaaf is en eintlik die standpunt van die NHKA is, **maar daar is**

'n klein groep vrysinniges wat 'n te sterk stem het.

- Vrysinnigheid loop gevaar van 'n eie god skep, deur onder andere te sterk op die filosofie te steun.
- My voorstel tot 'n werkswyse; ek vra die bestuur om alles wat pla in 'n briefie vir die Bemiddelingskomitee te skryf. Ds Johann Mouton word versoek om sy saak in 'n briefie te sit. Ek onderneem om die saak namens sH by die KommAKV op te neem.
- Ek wil nou reeds 'n band met die sH skep sodat die nuwe Bemiddelingskomitee met sH sal moet praat binne bane wat reeds bestaan.
- Die belydenisskrifte van die kerk is vas en seker."

Aan die ander kant is jou **eie e-posse en sms sonder vaste anker.** Kyk na die teenstrydige punte:

<p><i>"iemand van die Bemiddelingskomitee toe te laat" – "paar woorde namens die Bemiddelingskomitee te kon rig tot die vergadering"</i></p> <p>–</p> <p><u>SMS 9/10/'13</u></p>	<p><i>"het ek op eie-inisiatief na julle uitgereik"</i></p> <p><u>e-pos 25/10/'13</u></p>
<p><i>"Al mag dit soms voorkom asof ons mekaar nie kan vind nie, behoort ons nooit die hand wat ons wel kon vasgryp, weer te laat vaar nie". –</i></p> <p><u>e-pos 14/10/'13</u></p>	<p><i>Daarmee het, vir my, die sin verlore gegaan om verder te praat."</i></p> <p><u>e-pos 25/10/'13</u></p>

Teen hierdie agtergrond wil ek nou vra.

- Wat is die waarheid? Is die KommAKV so ongemaklik met ons standpunt dat hulle jou in die woestyn van woede uitjaag?
- Jou integriteit is op die spel. Ons het jou aangehoor, jy het sekere stellings gemaak. Jy het sekere ondernemings gegee, sekere beloftes gemaak, sekere aanmoedigings geuiter. Jou opgewondenheid van Maandag 14 Oktober het soos mis voor die toornson van die Kommissie verwelk en plek gemaak vir 'n epiese aftog blaas minder as twee weke later. Waarom?

- Jy het geweet van ons mediasie-versoek, maar nie geweet dat die KommAKV dit teenstaan nie. Is hulle bang dat hulle dalk nou moet praat omdat ons een van hulle mense toegelaat het? Dit is tragies maar dit lyk vir my al hoe meer na 'n ons-hulle situasie. Nou moet jy eie inisiatief bepleit sodat steeds geen mediasie kan plaasvind nie.. Watter houvas veroorsaak so 'n ommeswaai? Mediasie is 'n eenvoudige konsep wat soms so ingewikkeld is om toe te pas. Tog is die steedsHervormers nog altyd beskikbaar vir opregte mediasie.
- Jou geheue speel jou parte, jy het nie net oor eenheid en verskeidenheid gepraat nie. Jy het gepraat oor strominge en oor namens ons praat en plek maak vir sH lidmate. Jy het onderneem om 'n platvorm vir die steedsHervormers te probeer skep. Jy sou verkies om sekere bane daar te stel sodat die volgende Bemiddelingskomitee dit moet volg. **"Werk deur die Bemiddelingskomitee."**
- Jy word uitgenooi om vir ons op skrif te stel presies, soos in frustrerende detail, wat jy bedoel het toe jy gesê het dat daar vrysinnigheid binne die NHKA is, en waaroor die akkommodering van verskeidenheid gaan.
- Hoe kan dit wees dat die voorsitter van 'n komitee soos die Bemiddelingskomitee skielik stel dat alle sin in verder praat verlore gegaan het? Jy moedig mense aan tot gesprek en stel jouself bloot (sommige mense mag so dink) deur ons vergadering toe te spreek, en dan skielik wil jy niks weet van praat nie. Net omdat ons die resultaat van die gesprek op skrif gestel het en sekere dinge versoek het. Wat is nou die verskil tussen die KommAKV wat mediasie teenstaan en jy wat geen sin sien in verdere gesprek nie?
- *"... binne die grense van die belydenis. Maar julle het in die daaropvolgende reaksie die konteks verloor en gekom met aannames wat geheel buite my bedoeling gelê het."*
- Watter konteks is verloor? Die belydenis? Jou bedoeling?
- Het jy dalk jou bedoeling aan die begin van die vergadering verkeerdelik aangestip?

- Waar was my opvolgbrief (e-pos 17 Oktober 2013) 'n 'buite verband ruk' van enige saak?
- Watter aannames moet liefs nie gemaak word nie?

Die stomp einde van die hele episode laat my koud.

Oor die rede waarom hierdie versoek vanaf jou namens die Bemiddelingskomitee om die steedsHervormers se vergadering by te woon en 'n spreekbeurt op te neem, word daar nou op terugskoue wyd gespekuleer:

- Was jy ten spyte van ons vertroue daar om namens die Kommissie te spioeneer watter gemeentes en predikante die vergadering bygewoon het; aangesien van die "nuwe gesigte" nou skielik vir gesprek opgeroep is?
- Of om, soos die Kommissie deesdae doen, hierdie inligting te gebruik om pro-aktief op te tree en gemeentes hof toe te sleep?
- Was jou bedoeling om te hoop om die vergadering te verdeel deur hoop te skep dat iemand in die NHKA nog bereid is om te luister?
- Wou jy daardeur verdeeldheid binne steedsHervormde geledere probeer bewerk?
- Of het jy dalk verwag om vooraf geweier te word, of by die vergadering verjaag te word, sodat jy as verteenwoordiger van die NHKA eendag in die hof kan verklaar dat die NHKA bereid was tot mediasie, maar ons nie?

Wie ookal jou opdraggewer was/is, die houding van die 69ste Kommissie van die AKV en die besluite en gesindheid van die 70ste AKV weerspreek enige oënskynlike toegeneëndheid en oënskynlike hand van vriendskap.

Die Skietlood postuleer daarom: Dit is 'n ongenaakbare taakmeester wat 'n gesant stuur, die gesant veilig terug ontvang en dan die gesant isoleer en wat waarskynlik bereid sal wees om die gesant te verneder en dalk te vernietig. Die aanvanklike doelwit was skynbaar dat die aanbod van die gesant tot gesprek nie eens oorweeg sou word nie. Toe

dit wel gebeur, het 'n groter gevaar verskyn; die gesant se arbeid het, téén die hoop en verwagting van die Kommissie, positiewe resultate gehad. Daar kan en mag nie nou enige mediasie wees nie. Waarom nie? Enige moontlikheid daarvan moet met (idee)wortel en (gespreks)tak uitgeroei word. Positiewe toenadering kan nie geduld word nie. IS dit dalk omdat sekere mense 'n standpunt van onverbiddelike selfhandhawing en selfverheffing handhaaf?

Dit waaroor *Die Skietlood* uitsluitel moet gee, is of u eie, en die KommAKV se optrede in hierdie verband geloofwaardig is of nie.

DIE SKIETLOOD BEVIND: "NEE!"

Die enigste logiese gevolgtrekking moet daarom wees: "Mediasie blyk onmoontlik te wees."